Brainysaurus™ Kopiereg © Alle regte voorbehou

# Uitdrukbare opsommings

Hierdie is net 'n voorsmakie van die volledige Uitdrukbare opsommingsproduk.
Alle CAPS goedgekeurde Graad 7 handboeke op dieselfde manier opgesom.
Verskeie handboeke om van te kies.

**DOEL:**

Hierdie opsommings dien as 'n studiehulpmiddel, en is chronologies geskoei op die inhoud van die Via Afrika handboek vir Graad 7 Tegnologie.

(Uitgewers :Via Afrika Publishers)

(Outeurs : R. Gildenhuys, C. Jacobs, K. Magagane, T. Mfusi, T. Motshaisa, T. Nkabinde, A. Ntutu, A. Van Wyk, G. Van Dijk)

**AANSPREEKLIKHEID:**

Op geen stadium is die bedoeling dat hierdie hulpmiddel die oorspronklike handboek moet of sal vervang nie. Verwys ten alle tye terug na die handboek vir illustrasies, voorbeelde, gevallestudies en aktiwiteite tydens studie en in die geval van 'n dispuut. Brainysaurus ™ neem geen aanspreeklikheid vir wysigings van inhoud wat mag plaasvind nie.

**KOPIEREG:**

Hierdie uitdrukbare opsommings word deur die wet beskerm en word slegs verkoop vir gebruik in 'n privaat kapasiteit. Enige ongemagtigde kopiëring, verspreiding, uitvoering, huur, uitleen, herverkope, uitstalling of skerm kopieë ("screen dumps") word deur die wet verbied. Oortreders sal onderworpe wees aan kriminele vervolging en siviele boetes.

Kopiereg © Brainysaurus. Alle regte voorbehou

## Verwerking/vooroordeel in en impak van tegnologie

## Eenheid 1: Ondersoekvaardighede: Vlugtelinge

### Ondersoek noodsituasies wat tot mense wat vlugtelinge word kan lei

*Vlugtelinge: Mense wat hul huise moes verlaat. Hulle vlug na ander lande op soek na voedsel, veiligheid, skuiling en werksgeleenthede.*

### Noodsituasies wat veroorsaak dat mense vlugtelinge word

1. **Ekonomiese redes:** Mense wil beter lone verdien.



2. **Veiligheid:** Mense word gedwing om te vlug om hul lewens te beskerm.
3. **Vervolging:** Sommige mense word vervolg oor hul ras, geloof, nasionaliteit, of lidmaatskap van 'n sosiale groep.
4. **Politieke onrus of konflik:** Mense vlug weens werkloosheid of hewige konflik in hul land.



**1. Omgewingsfaktore kan migrasie veroorsaak:**

- Voedseltekorte deur:
  - → Oorbeweiding
  - → Gronderosie
  - → Ontbossing
- Waterskaarste en oorbevolking
- Klimaatsverandering dryf mense uit hul huise.
- Droogtes, lae waterbronne, aardbewings, vloede en brande veroorsaak dat mense migreer en vlugtelinge word.



**2. Staatloosheid:**



- Baie vlugtelinge is staatloos.
- Dit beteken hulle behoort nie aan 'n spesifieke land nie.
- Hulle het geen nasionaliteit nie omdat hulle hul hele lewe lank oor landsgrense beweeg het.

| Eenheid 1: SLEUTELWOORDE | |
|---|---|
| Vlugtelinge: | Mense wat weens onaanvaarbare lewenstoestande na 'n ander land vlug. |
| Verlaat: | Om heeltemaal op te gee, agterlaat. |
| Lone: | 'n Betaling aan arbeiders. |
| Vervolg: | Om 'n persoon aan geweldadigheid en swak behandeling bloot te stel. |
| Konflik: | 'n Ernstige meningsverskil. |
| Omgewingsfaktore: | 'n Herkenbare element in die fisiese, kulturele, demografiese, ekonomiese, politieke of regulerende omgewing. |
| Verminder: | Om kleiner te word tot min oorbly. |
| Migreer: | Om in 'n ander land of gebied te gaan woon. |



Hierdie is net 'n voorsmakie van die volledige Uitdrukbare opsommingsproduk.
Verskeie handboeke om van te kies.
Alle CAPS goedgekeurde Graad 7 handboeke op dieselfde manier opgesom.

**Verwerking/vooroordeel in en impak van tegnologie** | **Eenheid 2: Ondersoek- en ontwerpvaardighede**

## Verwerking van voedsel: Noodvoedsel

- Voedselverwerking word al duisende jare lank gedoen.
- Dit voorkom bederf en hou kos veilig teen muise en rotte.
- Verskeie metodes help om voedsel voedsaam te hou.

## Voedselsoorte vir vlugtelingkampe

- Voedsel moet voedsaam, bekostigbaar en maklik wees om voor te berei.
- Moet maklik wees om voor te berei.
- Moet lank kan hou en nie maklik bederf nie.



**Belangrike voedselgroepe:**

- **Koolhidrate** – energie
- **Proteïene** – groei
- **Vette en olies** – energie
- **Vitamiene** – beskerm teen siektes
- **Minerale** – vir bene en tande



**Voorbeelde van voedsel vir vlugtelinge:**

- Gedroogde vrugte
- Ingelegde groente
- Bone, lensies, rys, mieliemeel
- Kits-pap, eierpoeier
- Gebottelde vis
- Melkpoeier
- Kos wat lank hou en in kospakkies verskaf word




**Voedselsoorte wat ingemaak of gebottel kan word:**

- Vrugte
- Groente
- Vis




## Eenheid 2: SLEUTELWOORDE

| | |
|---|---|
| Omgewing: | Die plek en die omstandighede waaronder 'n persoon, dier of plant lewe of funksioneer |
| Voedingswaarde: | Waarde van wat geëet word om krag te verskaf. |
| Gepreserveerde: | Bewaar teen bederf (vrot word). |
| Bestanddele: | Alle voedsel wat saamgesit word om 'n bepaalde gereg of ete voor te berei |

Hierdie is net 'n voorsmakie van die volledige Uitdrukbare opsommingsproduk.
Verskeie handboeke om van te kies.
Alle CAPS goedgekeurde Graad 7 handboeke op dieselfde manier opgesom.

## Voorbereiding van maaltye vir 'n groep vlugtelinge

- Skryf die volgorde waarin voedselitems voorberei word:
  - → Die hoeveelheid wat voorberei moet word.
  - → Bestanddele van die maaltyd.
  - → Stappe van voorbereiding (produksiestadiums).




- Volg die produksiebaan stap vir stap (volgens vloeidiagram).

- Evalueer die volgende na die maaltyd of voeselitem voorberei is:
  - → Smaak.
  - → Tekstuur.
  - → Voedingswaarde.
  - → Is dit geskik vir die toestande in n vlugtelingskamp
  - → Kan dit in 'n vlugtelingskamp vpprberei word
  - → Kan dit vir die hoeveelheid vlugtelinge voorberei word.
  - → Voldoen dit aan die dieetbehoeftes van die vlugtelinge



## Veiligheid tydens die voorbereiding:

- Moenie aan warm kastrolle vat nie
- Kastrolle se handvatsel moet weggedraai wees, sodat dit nie perongeluk omgestamp word nie..
- Vra volwassene om water te kook, stoof aan te skakel en warm kastrolle te skuif.



## Gevallestudie 1 - Tastifeed

- Tastifeed is eetbare pasta van grondboontjiebotter, melkpoeier, fyngemaakte suiker wat met vitamiene en minerale verryk word.
- Gebruik vir hervoeding van kinders met wanvoeding.
- Dit kom in 'n sagte, kleurryke pakkie.
- Kinders neem vinnig in gewig toe – dikwels binne 1 maand.
- Bestanddele
  - → Grondbone
  - → Suiker
  - → Melkpoeier
  - → Plantolie
  - → Vitamiene
  - → Minerale.



- Dit het geen water of voorbereiding nodig nie en kan direk geëet word.
- Stoorbaar vir 24 maande sonder verkoeling.
- Dokters sonder grense sê Tastifeed kan miljoene kinders red.
- Maak dit moontlik om kinders wat aan ernstige wanvoeding lei, te behandel sonder hospitalisasie.






- Wanvoeding veroorsaak 5 miljoen kindersterftes per jaar.
  - → Oorsaak is geen beskikbare melk, vitamiene en minerale wat hul liggame kort nie.

Hierdie is net 'n voorsmakie van die volledige Uitdrukbare opsommingsproduk.
Verskeie handboeke om van te kies.
Alle CAPS goedgekeurde Graad 7 handboeke op dieselfde manier opgesom.

## Ondersoek kleredrag van mense in gespesialiseerde beroepe

- Baie mense doen gevaarlike werk en het dus spesiale beskermende klere nodig.
  - → Brandbestryders
  - → Seereddingswerkers
  - → Paramedikusse
  - → Noodreddingswerkers

### 1.1 Tekstiele wat gebruik word om klere te maak wat deur lede van die NSRI gedra word

- NSRI - Nasionale Seereddingsinstituut
- NSRI en ander reddingspersoneel werk in gevaarlike en koue see-omgewings en hulle het **beskermende kleredrag** nodig wat:
  - → Waterdig is (hou hulle droog)
  - → Windbestand is (hou hulle warm)
- Hierdie klere word gemaak of bedek met waterdigte stowwe soos rubber, PVC of was.
  - → Waterdigte klere verhoed dat waterdruppels deur die klere gaan.
  - → Waterdigtingsmateriaal/sproei kan ook gebruik word om klere teen water te beskerm.






### 1.2 Tekstiele wat gebruik word om klere vir die brandweer te maak.

- Brandbestryders verrig gevaarlike werk in hoë temperature.
- Hulle moet goed saamwerk en fisies beskerm word teen:
  1. Brandwonde (deur vuur)
  2. Water wat gebruik word om vure te blus.
- Hulle het klere nodig wat:
  1. Hittebestand is
  2. Nie maklik vlam vat nie
  3. Waterbestand is







Hierdie is net 'n voorsmakie van die volledige Uitdrukbare opsommingsproduk.
Verskeie handboeke om van te kies.
Alle CAPS goedgekeurde Graad 7 handboeke op dieselfde manier opgesom.

Verwerking/vooroordeel in en impak van tegnologie

Sleutelwoorde Eenheid 3 en Eenheid 4

## Eenheid 3: SLEUTELWOORDE

| | |
|---|---|
| Goedkoop: | Iets wat nie baie geld kos nie. |
| Volgorde: | 'n Spesifieke manier waarop gebeure, bewegings of dinge mekaar opvolg. |
| Produksiestadiums: | Die verskillende stadia waarin die produk op die produksielyn gevorder het. |
| Produksiebaan: | Vervaardigingsproses waar elke produk deur dieselfde herhalingsproses gaan. |
| Gehalte: | Die standaard van 'n produk gemeet aan soortgelyke produkte. |
| Dieetbehoeftes: | Hoeveelhede van verskillende bestanddele wat in voedsel benodig word om 'n gesonde lewe te lei. |
| Wanvoeding: | Gebrek aan genoegsame voedingstowwe en vitamines. |
| Hervoeding: | Gebruik voedsel met die nodige minerale, proteïene, vette en koolhidrate om ondervoede mense gesond te maak. |
| Verkoeling: | Om voedsel af te koel of te vries om dit te bewaar. |

## Eenheid 4: SLEUTELWOORDE

| | |
|---|---|
| Spesiale beroepe: | Werke wat spesiale opleiding verg. |
| Tekstiele: | Tipe materiaal of weefstof. |
| Beskermde kleredrag: | Klere wat mense teen gure omstandighede beskerm. |
| Bestand: | Bied weerstand teen dinamies of statiese kragte. |
| PVC: | Polivinielchloried - buigsame plasiek wat weerstand teen vuur en water bied. |
| Materiaal: | Lap gemaak deur vesels te weef. |
| Blus: | Maak 'n vuur dood. |
| Inheemse: | Kom natuurlik in 'n bepaalde gebied voor. |
| Informele behuising: | Behuising van optelmateriaal, opgerig in oop areas. |
| Opstal: | Enkel gebou of groep geboue op lanbougrond (Plaas) |
| Kegel: | Vaste vorm wat van 'n sirkelvormige plat basis na 'n punt loop. |
| Silinder: | Vaste vorm of hol, geboë vorm met sirkelvormige boonste en onderste vlakke en reguit. |
| Geometries: | Bestaan uit reëlmatige lyne en vorms. |
| Geventileer: | Lug vloei vrylik in 'n struktuur of kamer. |
| Landelike: | Plattelandse gebiede. |

Hierdie is net 'n voorsmakie van die volledige Uitdrukbare opsommingsproduk.
Verskeie handboeke om van te kies.
Alle CAPS goedgekeurde Graad 7 handboeke op dieselfde manier opgesom.

**MINI PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**

## Impak van tegnologie: Inheemse tegnologie


***Inheemse bevolking** verwys na die oorspronklike mense van 'n land.*



- Suid Afrika se inheemse bevolking en trek arbeiders gebruik verskillende boutegnieke en boumateriale om hul huise te bou.
- Die informele behuising kom aan die buitewyke van SA stede voor.
- Twee van mense se basiese behoeftes is:
  - → Voedsel - Om te kan oorleef en gesond te bly.
  - → Skuiling - Bied beskerming teen weer en kriminele.



- Huise en opstalle van Suid Afrika se inheemse bevolking verskil in ontwerp, asook in die vorm en die manier hoe dit versier word.,
  - → Zoeloes - Kwa-Zulu Natal - byekorfvormige grasdakhutte
  - → Ndebele - Noordelike provinsies - kleurvolle geometriese versierde huise.
- Hierdie huise verskil omdat mense verskillende idees en behoeftes het oor die tipe skuilings wat hul benodig.
  - → Die meeste boumateriaal is natuurlik.
  - → Verskillende natuurlike boumateriaal kom in hul gebiede voor.
  - → Boustyle het oor die jare verander, maar natuurlike grondstowwe speel steeds 'n rol in die ontwerp en bou van huise en woonplekke.



## Ondersoekvaardighede: Tipes behuising

- In SA het die bevolkings groepe verskillende soorte inheemse huise.
- In die sentraal binneland het die Sotho- en Tswana-boere huise met 'n kegel-silindervormige ontwerp.
  - → Sommige van hierdie huise het 'n veranda aan die buitekant.
- Iinheemse huise word die binne- en buitekant gepleister.
- In Ooskus-gebiede is die kegel-silindervormige ontwerp algemeen.

**Matabele-huise:**

- Mure word versier met witgekalkte en geometriese ontwerpe.
- Gebruik helder kleure soos rooi, swart, blou.
- Versierings weerspieël die tradisionele leefstyl van die Ndebele.

**Kwa-Zulu Natal:**

- Mense in bergagtige gebiede bou huise van gras.
- Die hele huis bestaan uit gras.
- Die hutte word as van die beste argitektoniese voorbeelde beskou.
- Die besikbare materiaal hou die huise geïsoleer en geventileer .

**Xhosa-woning:**



- Ronde hut met 'n rietdak.
  - Mans maak 'n raamwerk van takke.
  - Vroue pleister die mure met modder.
  - Dak word met riete gedek.
  - Sommige families versier die buitekant van die huis met verf.

Hierdie is net 'n voorsmakie van die volledige Uitdrukbare opsommingsproduk. Verskeie handboeke om van te kies. Alle CAPS goedgekeurde Graad 7 handboeke op dieselfde manier opgesom.

MINI PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

## Ondersoekvaardighede: Informele nedersettings

- Plakkerskampe (krotbuurte) is 'n vorm van informele nedersetting.
- Duisende trek van landelike gebiede na stede op soek na 'n beter lewe.
- Trekwerkers vorm gemeenskapsgebaseerde groepe en woon saam.
- Hulle eindig op in tydelike hutte sonder behoorlike infrastruktuur.
- Die nedersettings ontstaan vinnige en ongeorganiseerd op oop grond.
- Die nedersettings ontstaan dikwels aan die buitewyke van stede.

## Ondersoekvaardighede: Materiale en boutegnieke

- Materiale van ashope:
  - → Boumateriaal kom meestal van ashope af
  - → Mense gebruik ook artikels wat ander mense weggegooi het..
- Boutegniek:
  - → Bou klein, enkelkamer hutte.
  - → Mure word aanmekaar gesit met tou, draad, of enige ander bruikbare materiaal wat hulle kan kry.
  - → Groot klippe, bakstene, stompe, ou motorbande en swaar stukke afvalmetaal word gebruik om die dakmateriaal in posisie te hou.
  - → Binnekant van mure word soms met koerantpapier uitgeplak.
  - → Vloere word dikwels met goedkoop linoleum of grond afgewerk.

- Materiale wat algemeen gebruik word:
  - → Stukke houtbord
  - → Plastiekvelle
  - → Planke van houtkratte
  - → Klippe
  - → Geroeste dakplate
  - → Modder en strooi
  - → Gebruikte bakstene
  - → Ou motorbande



## Water chemikalieë maak 'n tekstiel soos doek waterdig.

Brande, vloede, aardbewings en politieke onrus skep 'n behoefte aan noodskuilings.

- Vlugtelinge ontvang skuiling, kos en medisyne in groepe.
- Skuilings is dikwels tente wat van seildoek gemaak is.
- Waterdigte seildoek hou langer en werk beter teen reën, koue en wind.
- Dit help om 'n skuiling warm en droog te hou tydens reënweer.
- As seildoek nie waterdig is nie, verswak dit vinnig en laat water deur.
- Water, son en ander elemente ruïneer buitelug-materiaal.
- Skimmel (muf) vorm op seildoek wat herhaaldelik nat en droog word.
- Waterdigting voorkom skimmel en beskerm die seildoek.

Hierdie is net 'n voorsmakie van die volledige Uitdrukbare opsommingsproduk.
Verskeie handboeke om van te kies.
Alle CAPS goedgekeurde Graad 7 handboeke op dieselfde manier opgesom.